LES 1: JAKOB SE FAMILIEFOTO'S

SKRIFGEDEELTE: GENESIS 12:1-3

Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af, na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou 'n groot nasie maak, ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal die volke van die aarde geseën wees."

BENODIGHEDE:

- Tas
- Olielampie
- Klere
- Sandale
- Foto's in tas (Prente kan vergroot word)
- Boekmerk vir elke kind
- Sterretjie plakkers
- Doolhof op A3 per span
- Koki's
- 1 Blinddoek per span

INLEIDING: TONEEL

Aanbieder: Ons gaan hierdie jaar oor Jabob gesels, maar eers moet ons deur sy familiealbum blaai om te sien waar hy vandaan kom. Kom ons begin by sy oupa.

Abram kom in met 'n tas en 'n lysie en gaan hardop deur sy lysie terwyl hy besig is om in die tas rond te grawe.

Aanbieder: Abram, wat maak jy?
Abram: Ek is besig om te pak!
Aanbieder: Waarom pak jy?
Abram: God het gesê ek moet trek.
Aanbieder: Waarnatoe moet jy trek?
Abram: Ek weet nog nie, God sal nog vir my wys waarnatoe.
Aanbieder: Wat het God presies vir jou gesê?
Abram: "Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af, na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys. Ek sal jou 'n groot nasie maak, ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal die volke van die aarde geseën wees."
Aanbieder: Sjoe, maar dis moeilik om sommer net te trek as jy nie weet waarnatoe nie.
Abram: Jammer, ek kan nie nou nog praat nie, ek moet nog my bokke, skape en al my mense bymekaar kry.
Aanbieder: Dit klink omtrent na 'n groot trek, ek is bly dit is nie ek nie. Sterkte!

Abram verlaat die vertrek. Hy los sy tas daar

Aanbieder hardloop agter Abram aan en roep hom om te hom te sê dat hy sy tas vergeet het, maar kry nie sy aandag nie. Die aanbieder kom terug en maak nuuskierig die tas oop.

Ek wonder wat is nog in sy tas. Hier is 'n paar foto's, kom ons kyk daarna, miskien leer ons nog meer van Abram.

EERSTE FOTO: ABRAM KYK NA STERRE

Wel, Jakob se oupa was Abram. Julle het hom nou net ontmoet. Hy en sy vrou Sarai het omtrent 4000 jaar gelede in 'n groot dorp met die naam Ur, gebly. Hulle het geen kinders gehad nie, maar in Genesis 15:5 staan: "Kyk na die lug en probeer om al die sterre te tel. Jou nageslag sal so baie wees." (Die Bybel vir almal vertaling). Hoe kan God sy belofte laat nakom dat Abram 'n groot nasie sal wees as hy nie kinders het om die nasie mee te begin nie? Dit was eintlik net hy en sy vrou Sarai. Hy was toe 75 jaar oud en sy was 65. Dit was onmoontlik vir hulle om op die ouderdom nog kinders te hê, maar Abram het op God vertrou en God gehoorsaam.

God het ook vir Abram die opdrag gegee om te trek. Abram het toe so gemaak, hy was gehoorsaam aan God, al het hy nie eers geweet waarnatoe God hulle laat trek nie. Hy het sy goed gepak, al sy diere, vrouens en slawe. Hulle het omtrent 1,200 myl getrek van Ur af, todat hulle by Kanaän aangekom het. God het toe aan Abram verskyn en vir hom gesê dat hy nou in die land is wat God hom beloof het. Abram moes baie bly gewees het. God het Abram se naam toe verander na ABRAHAM wat beteken vader van baie nasies en Sarai se naam verander na SARA wat Prinses beteken het en haar belowe dat sy die ma van baie nasies sal wees.

AKTIWITEIT: ABRAM TREK DOOL HOF

(Kan aan die einde van hele les ook gedoen word.)

Vergroot die doolhof na 'n A3 en deel die groep in 'n paar spanne. Elke groep moet een doolhof hê, 'n blinddoek en 'n koki. Blinddoek die kind wat die koki gaan hanteer en sit sy/haar hand neer by die beginpunt. Die res van die groep moet nou die persoon lei om links, regs, vorentoe, agtertoe of op of af te gaan. Die maats wat verduidelik moet met hulle hande agter hulle rug sit.

Die span wat die beste tot by die eindpunt kan kom, is die wenners.

Die les van die speletjie is dat jy blindelings die pad moet aandurf en moet luister na jou maats wat vir jou verduidelik waarnatoe om te gaan. So moes Abram ook trek sonder om te weet waarnatoe hy gaan en moes hy luister na God se leiding.

(Hierdie kan ook gebruik word as 'n grootgroepaktiwiteit met een vrywilliger uit die groep wat geblinddoek word en dan die doolhof oor 'n transiparant masjien moet voltooi met die skool se hulp.)



TWEEDE FOTO: ABRAM MET BABA

Toe Abraham amper honderd was en Sarai 90 het God vir hulle gesê dat Sara 'n seun gaan hê.

Dit is soos vir my om vir julle te sê dat van môre af gaan lekkergoed aan bome groei en jy sal kan pluk so veel soos wat jy wil. Dit is mos iets wat jou sommer wil laat lag, want jy weet dit is onmoontlik.
Wel Sara het vir God gelag, want sy het gedink hulle is te oud om kinders te hê.

God wou gehad het dat Abram en Sara moes sien dat God sy beloftes hou. Hulle moes sien dat niks vir God onmoontlik is nie.

Daar is toe vir hulle 'n seuntjie gebore. Hulle moes hom Isak noem. Dit was die begin van God se belofte aan Abraham. Onthou die belofte was: Genesis 15:5
"Kyk op na die Hemel en tel die sterre as jy kan...so baie sal jou nageslag wees."

DERDE FOTO: ABRAHAM EN ISAK BY OFFER

Die belofte was amper weer in die moeilikheid toe God vir Abraham gesê het dat hy vir Isak sy seun moes gaan offer. Wat nou gemaak, hoe gaan die belofte nou nagekom word as hy sy seun moet doodmaak?

God het weer voorsien. Hy het 'n ram gestuur om in die plek van Isak geoffer te word. Dis belangrik dat julle moet weet dat God weer getrou was en weer sy belofte nagekom het.

VIERDE FOTO: ISAK KRY 'N VROU

Toe Isak groot genoeg was om te trou, het Abraham sy slaaf gestuur na sy geboorteland om 'n vrou te gaan soek vir Isak. Hy wou nie gehad het dat hy met 'n Kanaänietise meisie moes trou nie. Daar het die slaaf 'n vrou met die naam Rebekka gekry, wat God vir Isak as vrou uitgekies het. Sy het saam met hom teruggegaan na Abraham en Isak toe en hulle is toe getroud. Die belofte van 'n groot nageslag moes nou deur Isak en sy vrou voortgesit word. Ek wonder of God nog steeds sy belofte gaan hou en hoe die belofte nou verder gaan uitdraai.
Dit is nou waar Jakob inkom. Isak was Jakob se pa.

AKTIWITEIT

Dit is belangrik dat ons sal onthou waar hierdie belofte staan wat God vir Abraham, Isak en later ook vir Jakob, Isak se seun gegee het. Om julle te help om te onthou waar dit staan, gaan ons nou elkeen 'n boekmerk maak van Genesis 15:5.

FOTO 1: ABRAHAM KYK NA STERRE

FOTO 2: ABRAHAM MET BABA

FOTO 3: ABRAHAMEN ISAK BY OFFER

FOTO 4: ISAK KRY 'N VROU

LES 1: BOEKMERK

Genesis 15:5

"Kyk op na die Hemel en tel die sterre as jy kan...so baie sal jou nageslag wees."